Op pad vir Christus in nuwe tye

JAN BISSCHOFF

Dr Jan Bisschoff, predikant by die NG gemeente Skuilkrans in Pretoria, gee hier 'n oorsig oor hulle gemeente en hul werksaamhede.

Wanneer jy met die N4-snelweg oos uit Pretoria beweeg, bevind jy jou gou in die hart van Skuilkransgemeente. Aan die westekant grens ons teen die WNNR en Botaniese tuin, oos is Simon Vermootenweg as. Die pad is egter eintlik simbolies van hoe ons vir Christus in nuwe tye op pad is. Ons is 'n makrogemeente met ongeveer 3500 lidmate en 'n bedieningspan bestaande uit vyf voltydse leraars, drie tentmakers en drie pastorale hulpe.

Tans ervaar Skuilkrans 'n tydperk van groot seën en groei. As ek iets hiervan vertel, doen ek dit met groot dankbaarheid en nederigheid en hoop ek dat iemand iets hieruit kan leer van wat ons soms maar op 'n sware manier moes ontdek. Skuilkransgemeente wil graag bestaan as een wat in haar hart missionêr is en lidmate toerus om in Suid-Afrika 'n verskil as Christene te maak.

Wat is dan uniek aan Skuilkransgemeente? Ek sou graag die aandag vestig op die volgende:

Hartlike samewerking deur leraars

Alhoewel ons glad nie 'n "domineeskerk" wil wees en as 'n drukgroep in die gemeente probeer optree nie, aanvaar ons verantwoordelikheid vir ons taak. Ons wil weet wat die behoefte van ons lidmate is en dit eerlik bedien. As span funksioneer ons baie goed deurdat daar onderling hartlike verhoudings heers en ons lekker saamwerk. Ons vergader elke Woensdagoggend waar ons saam voor die Here buig, sy Woord bestudeer en die week se werksaamhede beplan. Die byeenkoms word bygewoon deur die musiekkoördineerder van die gemeente en wanneer moontlik deur die voorsitter van die kerkraad ('n lidmaat). In ons span tree een permanent as uitvoerende leraar op – leierskap as die punt van verantwoordelikheid. Ons glo dat ons vryheid en ruimte vir mekaar moet maak. Ons het ervaar

dat as ons mekaar leer ken en vertrou, die saamloop vir almal groot seën en vreugde inhou. Dit beteken dat ons mekaar ten spyte van persoonlikhede en teologiese beklemtoning kan aanvaar en aanmoedig. Elkeen is daar om sy/haar kollegas te laat slaag in hulle bediening.

Sagte bestuur van diversiteit en die konteks

Die groot uitdaging waarvoor ons en ek glo die hele NG Kerk staan, is om diversiteit te bestuur. Die volgende kernwaarde van Skuilkransgemeente sê dit alles:

> **Ons erken dat ons mekaar van harte moet liefhê deur ruimte vir mekaar te maak**. As liggaam van die Here wil ons die eenheid van die kerk deur die verskeidenheid van persoonlikhede, ouderdomme, gawes, kulture, geslagte, geloofsperspektiewe, style en groeivlakke laat verryk. Ons wil as gemeente skitter deur verhoudinge gekenmerk deur sy liefde.

In die praktyk probeer ons om 'n "sagte" benadering rakende diversiteit te volg wat inhou dat ons mekaar met ons verskille as medegelowiges aanvaar en probeer vashou. Ons het 'n verskeidenheid erediense – 'n meer tradisionele erediens wat "eie" is aan die NG Kerk en 'n gesinsdiens gerig op kleiner kinders en hulle ouers. Die aanddiens word in 'n alternatiewe styl en en idioom aangebied en spreek jeug- en ander lidmate aan, maar is nie 'n jeugdiens nie. Dan is daar streekeredienste waar lidmate uit sekere geografiese dele saam aanbid; 'n gereelde eucharistiediens waar die nagmaal bedien word en die klem meer val op die mistieke belewing van God as Woordverkondiging en 'n Engelse erediens vir lidmate en belangstellendes uit 'n Engelse agtergrond. Met ons Dieper Delfdiens (gelyklopend met die aanddiens) bied ons geleentheid vir 'n tipe besprekingsdiens oor aktuele sake van die dag. Daar word ook 'n aanddiens gehou by 'n aftree-oord in ons midde. Hiermee wil ons lidmate help om binne hulle geloofsbelewing tuis te kan kom en mekaar te aanvaar. Dit is ook ons praktyk wat huisbesoek en kleingroepe betref.

Gefokusde diensgroepe

'n Belangrike skuif in die gemeente se werksaamhede het gekom toe ons weg beweeg het van kerkraadskommissies na diensgroepe wat direk gekoppel is aan en gefokus is op spesifieke werksaamhede. Hiermee het ons ruimte geskep vir lidmate om met eie visie en energie bedienings te ontwikkel en te bedryf. Ons het weggedoen met onnodige kontrole en vergaderings. So word energie saam gegroepeer, saam gedroom, beplan en gedoen. Die rol van die leraars is om saam te loop, te begelei en toerusting te gee waar nodig. Die diensgroepe is gegroepeer volgens die diensterreine Aanbidding, Onderlinge Sorg en Getuienis. Elke diensterrein het 'n eie bestuur met 'n paar diakens wat die werk koördineer. Diensgroepe registreer by die Dagbestuur van die kerkraad (wat baie gereeld vergader) en is vir eie finansies verantwoordelik (die kerkraad begroot wel, maar nie vir alle werksaamhede nie). So neem lidmate verantwoordelikheid vir dit wat die Here hulle op die hart lê. Dit neem die druk van die leraars af wat in die verlede die droom van ander moes bedryf.

Aantreklike groeipunte

Ons gebruik graag die term "groeipunt" as 'n aanduiding van waar in die gemeente 'n unieke aantrekkingskrag is waar al meer lidmate deelneem en waar die effek van die bediening 'n verskil in mense se lewens maak.

'n Lewende (vitale) en aantreklike gemeente is een waaraan mense meedoen met vreugde, wat 'n effek in hulle lewe het en waar hulle meeleef met die bedoelinge van die gemeente." Jan Hendriks in sy boek "Een vitale en aantrekkelijke gemeente. Model en methode van gemeenteopbouw" (Kampen, 1999).

GESINSDIENS:

Skuilkrans bied sedert 1988 'n erediens aan gerig op kleiner kinders en hulle ouers. Hierdie diens het in kwaliteit en statuur ontwikkel as een van die aantrekkingspunte in die gemeente. Elke week vergader 'n paar ma's saam met die leraar wat Sondag die diens gaan lei. Die diens en boodskap word bespreek en beplan. Sondag word die sang gelei deur 'n ma uit die kleuterskool omgewing en word die diens op 'n interaktiewe wyse aangebied waar kinders en leraar bygestaan deur die pop "Janneman" oor die Here praat en Hom loof en aanbid. Ouers word betrek omdat ons glo dat kinders saam met hulle ouers eredienste moet bywoon. Kerk moet vir kinders lekker wees. Hulle moet God leer ken as een wat 'n hart vir kinders en gesinne het.

AANDDIENS:

Die groei in die aanddiens het gekom toe ons 'n skuif in die musiek en preekstyl gemaak het. Hier funksioneer die gawes van leraars en lidmate sterk. 'n Sanggroepie, bygestaan deur 'n begeleidingspan met moderne musiekinstrumente, lei die sang.

LEWENSKOOL:

Die visie dat lidmate toegerus moet word vir hulle lewe as burgers van God se koninkryk, kry hier beslag. Die kursusse is baie aktueel en help lidmate om die Bybel in hulle lewe toe te pas. Die waardes van die Bybel word prakties voorgehou. 'n Paar van vanjaar se temas is: Depressie, Stres & Uitbranding; Enkelouer; Gebed & Geestelike meditasie; Die boek Openbaring; Die saamgestelde gesin; Gesinsbou: Bou 'n gesin waarin geluk kan groei en "God hoekom lyk die wêreld so?"

COGITO:

Ons het vanjaar met 'n jeuginstituut begin waar ons op 'n eietydse manier belangrike lewenswaardes aan ons jeug wil oordra en inoefen. Die vakuum wat geskep is deur die nuwe onderwysbeleid en druk op ouerhuise in 'n wegholwêreld word hier op 'n baie dinamiese en praktiese manier gevul. Dit dien as aanvulling vir die kategeseprogram wat op Sondae aangebied word.

Hartlike ontvangs van nuwe intrekkers

Die geleentheid van oper gemeentegrense lei tot heelwat vreemde gesigte in ons gemeente. Die inskakeling van nuwe intrekkers was nog altyd en is steeds 'n komplekse saak. Ons bied op 'n gereelde basis 'n inligtingsessie vir nuwe intrekkers aan waar die gemeente se manier van doen verduidelik word. Die byeenkoms word so ingerig dat nuwe lidmate al die leraars kan ontmoet, mekaar kan leer ken, 'n proe van die gemeente kan kry en word afgesluit met 'n kort toewydingsritueel in ons kapel. Ons probeer die keuse van mense om by Skuilkrans in te skakel, versterk. Dit word opgevolg met 'n kontakbesoek en aanmoediging om by 'n omgeegroep of diensgroep in te skakel. Die skep van 'n klimaat van warmte, aanvaarding en erkenning word hierdeur versterk.

Die moeite op ons pad ...

Dit klink alles mooi, maar ons wil eerlik wees en erken dat ons ook stoei! Naas die groei in erediensbywoning by sekere punte is daar ook 'n afplatting by ander eredienste wat ons onrustig stem. Die vlak van lidmaatbetrokkenheid bly 'n netelige saak – ons glo dat elke lidmaat 'n krag- en 'n dienspunt moet hê. Ons probeer hard om die meelewing te verhoog. Die kleingroepbediening sukkel om in 'n tradisionele gemeente in omvang te groei en hieroor het ons nog nie klaar gedink en gedoen nie. Ons glo dat gebed nog nie tot sy reg kom nie. Verder bly die befondsing van die gemeentewerksaamhede 'n probleem en sukkel ons om te skuif van 'n kultuur van "gaan haal" na 'n kultuur van "bring".

Ons reisverhaal is nog nie klaar geskryf nie.
Ons is opgewonde oor die toekoms in Suid-Afrika
omdat ons 'n lewende God aanbid en Hy mense se lewens aanraak.